Kommunikasie Handleiding

Laerskool Witrivier

erken die feit dat kommunikasie baie belangrik is. As gevolg hiervan het ons Mev. Aldorette Swart as kommunikasiekundige aangestel. Ons het ook besluit om hierdie handleiding aan ouers beskikbaar te stel om beter kommunikasie te bevorder. Hierdie boekie sal ouers in staat stel om die regte kommunikasiekanale te volg. Dit is belangrik om die regte kanale te volg ten einde ouers in staat te stel om in alle situasies met die verantwoordelike persoon te kommunikeer. Dit spaar tyd en verlaag frustrasievlakke - aan die skool en aan die ouers se kant.

Kontak asseblief vir Mev. Swart indien u enige verdere navrae rondom hierdie boekie het. Sy is beskikbaar by ***kommunikasie@laerskoolwitrivier of by (013) 751 2231.***

Vrae wat ouers die meeste vra

Ek wil ’n **AFSPRAAK MET ’n ONDERWYSER** maak of met ’n onderwyser **KOMMUNIKEER.**	1. Kontak die ontvangs by die skoolkantoor. 2. Kontak die onderwyser self. 3. Indien u net met die onderwyser wil kommunikeer, kan die onderwyser self gekontak word. E-pos en WhatsApp werk goed.
Ek is bekommerd oor my kind se **AKADEMIESE VORDERING** in die algemeen.	1. Kontak eerste die kind se registeronderwyser. 2. Kontak die graadhoof vir die spesifieke graad indien u nie tevrede is met die antwoord wat die registeronderwyser verskaf het nie. 3. Kontak die Adjunkhoof Akademie 4. Kontak die Hoof, Mnr. Rian Cooper (*hoof@laerskoolwitrivier.co.za*) indien u steeds nie tevrede met die antwoord is nie.
Ek is bekommerd oor my kind se **AKADEMIESE VORDERING** in ’n spesifieke vak.	1. Kontak eerstens die kind se vakonderwyser. 2. Kontak die vakhoof vir die spesifieke vak indien u nie tevrede is met die antwoord wat die vakonderwyser verskaf het nie. 3. Kontak die Adjunkhoof Akademie. 4. Kontak die Hoof, Mnr. Rian Cooper (*hoof@laerskoolwitrivier.co.za*) indien u nie tevrede is nie.
Ek het **ALGEMENE NAVRAE.**	1. Indien u navrae het oor enige aangeleentheid wat nie in hierdie gids verskyn nie, kan u die skoolkantoor kontak. 2. Daar is ook algemene inligting op die skool se webwerf beskikbaar.
Ek het ’n navraag oor ’n **BELEID** van die skool.	1. Ons probeer om al die belangrikste beleide op die d6 School Communicator te laai onder “Bronne”. 2. Sommige beleide is ook op die webwerf beskikbaar. 3. Indien u nie regkom nie, kontak gerus die Adjunkhoofde of die Hoof.
Ek het ’n navraag rondom die **BETALING VAN SKOOLGELDE.**	1. Die kassiere kan gekontak word. 2. Die persoon verantwoordelik vir debiteure kan ook gekontak word. (Daleen Boshoff - *debtors@laerskoolwitrivier.co.za)*
Ek is bekommerd omdat my kind **GEBOELIE** word.	1. Kontak eerste die kind se registeronderwyser. 2. Kontak die graadhoof vir die spesifieke graad indien u nie tevrede is met die antwoord wat die registeronderwyser verskaf het nie. 3. Kontak die Departementshoof van Dissipline. 4. Kontak die Adjunkhoof indien u nie tevrede met die antwoord is nie. 5. Kontak die Hoof indien u steeds nie tevrede met die antwoord is nie.
Ek voel dat ek ’n positiewe **BYDRAE** tot die skool kan maak.	1. Die kommuniksasiebeampte kan u na die regte persoon verwys. (*kommunikasie@laerskoolwitrivier.co.za*) 2. U kan ook die Adjunkhoofde of die Hoof bel.
Ek het ’n navraag oor **DISSIPLINE.**	1. Indien dit dissipline in ’n spesifieke klas is, kontak die onderwyser. 2. Vir enige ander navrae of indien die onderwyser se antwoord u nie tevrede stel nie, kontak die Departementshoof van Dissipline.
Ek wil graag by die **FATHERS GROUND** betrokke raak.	1. Die voorsitter van die Fathers Ground kan gekontak word. 2. Kontak Mnr. Iaan Jacob (*iaanjacob@hotmail.com*)

Ek ondervind **FINANSIËLE PROBLEME** en kan nie die skoolfonds bekostig nie.	1. Kontak of epos DRINGEND die debiteure kantoor (Daleen Boshoff - *debtors@laerskoolwitrivier.co.za)* 2. Die Adjunkhoofde of die Hoof kan ook gekontak word. 3. Die maatskaplike werkster is te alle tye beskikbaar.
Ek het 'n navraag rondom **HUISWERK OF TAKE.**	1. Kontak eerstens die kind se vakonderwyser. 2. Kontak die vakhoof vir die spesifieke vak indien u nie tevrede is met die antwoord wat die vakonderwyser verskaf het nie. 3. Kontak die Adjunkhoof Akademie 4. Kontak die Hoof, Mnr. Rian Cooper (*hoof@laerskoolwitrivier.co.za*) indien u steeds nie tevrede met die antwoord is nie.
Ek het 'n navraag oor die **KLEREDRAG** of die **KLEREBANK.**	1. Die inligting rondom die klerebank is op die d6 School Communicator en die webwerf beskikbaar. 2. Indien u nie daar regkom nie, kan Mev. Annalise van der Merwe (*annalisevdmerwe@lantic.net*) by die skool gekontak word.
Ek het 'n navraag rondom **KOMMUNIKASIE.**	1. Die kommunikasiebeampte kan enige tyd gekontak word. *(kommunikasie@laerskoolwitrivier.co.za*)
Ek wil graag die skool **KOMPLIMENTEER.**	1. Stuur 'n boodskap aan die skool op ons Facebook-blad. Ons sal dit dan op ons tydlyn deel vir almal om te sien. Dit is altyd lekker as ouers die skool of 'n onderwyser komplimenteer. 2. Kontak of epos die kommunikasiebeampte (*kommunikasie@laerskoolwitrivier.co.za*)
Ek het 'n navraag rondom die **KOSHUIS.**	Die koshuisvader, Mnr. Roger McCarthy (*torogermc@yahoo.com*) kan gekontak word.
Ek het 'n navraag oor 'n **KULTUUR**-aktiwiteit.	1. So ver as moontlik word tye en ander inligting op die d6 School Communicator verskaf. 2. As u nie die inligting op die d6 School Communicator vind nie, kontak die verantwoordelike onderwyser. 3. Kontak die kultuurhoof, Mev. Hulda van der Merwe (huldaackermann@yahoo.com) vir die spesifieke aktiwiteit indien u nie tevrede is met die antwoord wat die verantwoordelike onderwyser verskaf het nie.
Ek het 'n **MAATSKAPLIKE** navraag van watter aard ook al.	1. Ons maatskaplike werker, Mev. Annalise van der Merwe se deur staan altyd oop vir maatskaplike sake. 2. Die Adjunkhoofde of die Hoof kan ook in hierdie geval direk gekontak word.
Ek voel dat 'n onderwyser **ONBILLIK EN ONREGVERDIG** teenoor my kind opgetree het of ek het 'n ander probleem met 'n onderwyser.	1. Dit is belangrik om eers die spesifieke onderwyser te kontak. 'n Storie het immers altyd twee kante. 2. Kontak die graadhoof. 3. Kontak enige van die Adjunkhoofde indien u nie tevrede met die antwoord is nie.

Ek wil graag meer weet van spesifieke **PROJEKTE** wat die skool aanbied.	1. Alle projekte verskyn sover moontlik op die d6 School Communicator en op die Facebook-blad asook in die skool se Nuusbrief. 2. Kontak die kommunikasiebeampte of die skoolkantoor. Hulle sal u na die regte persoon verwys.
Ek het ’n navraag oor die **SPORTSOORT** waaraan my kind deelneem.	1. So ver as moontlik word tye en ander inligting op die d6 School Communicator verskaf. 2. As u nie die inligting op die d6 School Communicator vind nie, kontak die afrigter. 3. Kontak die sporthoof vir die spesifieke sportsoort indien u nie tevrede is met die antwoord wat die afrigter verskaf het nie. 4. Kontak die Adjunkhoof Sport, Mev. Marianne Oosthuizen (*moosthuizen02@gmail.com*) indien u steeds nie tevrede met die antwoord is nie.
Ek het ’n navraag of voorstel met betrekking tot die **TERREIN** van die skool.	1. Die Adjunkhoof wat verantwoordelik is vir die terrein kan gekontak word.

Algemene Vrae

Wanneer kontak ek die hoof? Die hoof behartig die bestuur van die hele skool en dit hou haar voltyds besig. Tog weet ons dat haar deur altyd oopstaan vir die ouers, onderwysers en kinders. Ons vra egter dat sy as ’n laaste uitweg gekontak word en nie eerste nie - tensy dit ’n aangeleentheid is waarmee net sy kan help.

Wanneer kontak ek die beheerliggaam? Die lede van die beheerliggaam is deur die ouers gekies om die ouers op ’n vrywillige basis by die skool te verteenwoordig. Hulle hooftaak is om die hoof en die onderwysers by te staan in die bedryf van die skool. Ons vra dat die lede van die beheerliggaam gekontak word indien al die kommunikasiekanale by die skool gevolg is en die ouer steeds ongelukkig voel oor ’n spesifieke aangeleentheid. Die lid van die beheerliggaam sal dan in oorleg met die voorsitter en die hoof besluit wat volgende gedoen word.

Wat is die beste manier om te kommunikeer? Die heel maklikste is om per e-pos te kommunikeer. ***’n Lys van e-posadresse van al die onderwysers is beskikbaar op die d6 School Communicator onder Bronne — Kommunikasie.*** Die name en e-posadresse van registeronderwysers en graad–, sport– en vakhoofde sowel as lede van die bestuur is ook ingesluit. Kontak gerus die skoolkantoor indien dit makliker vir u is.

Hoe lank moet ek wag op ’n antwoord op ’n vraag wat ek gevra het? Die antwoord op hierdie vraag hang dikwels van die aard van die navraag af. Ons moedig onderwysers aan om gereeld e-posse na te gaan en ouers so vinnig moontlik te antwoord op navrae. Kontak die skoolkantoor indien u lank wag vir ’n antwoord en versoek die ontvangsdame om die onderwyser te herinner om u te antwoord.